
# Welkom by NG The Reeds

**‘n Veilige hawe vir nuwe hoop**

Maak ‘n pad gereed vir die koninkryk.


Waarmee sal die jongeling sy
pad suiwer hou?
Deur dit te hou aan U Woord.
U Woord is ‘n lamp vir my voet
en ‘n lig vir my pad.

Genade en vrede vir julle van God ons Vader en sy Seun Jesus Christus wat gekom het, hier is en weer gaan kom en die Heilige Gees wat ook in Adventstyd God se hoop, vrede, vreugde en liefde in ons harte wil laat leef.

# Lied 365: 1

Hoor die blye eng'lelied

aan die Koningseun gebied:

"Vrede op aarde - God die eer -

Hy daal tot die sondaar neer."

Almal wat Hom liefhet, sing

L 365:1 (vervolg)

om Hom lof en dank te bring!

Almal, juig met hart en stem:

God word mens in Betlehem.

Hoor die blye eng'lelied

aan die Koningseun gebied.

L 365:3

Jesus, ware Vredevors

kom vir Hom ‘n volk verlos.

Wêreldwyd, in elke land

kom bevryding deur sy hand.

In ons nood het Hy gedaal,

L 365:3 (vervolg)

vir ons lewe duur betaal.

Vrygemaak, deur Hom gevind,

is ek ook nou koningskind!

Almal deur sy koms verlos,

dank en loof die Vredevors!

# Matteus 3:1-12




Die hemele roep dit uit!
Advent 2024

# Lied 254: 1

**Spreek Heer,**

**spreek Heer,**

**want u <u>diensmaagd</u> luister.**

**Net u Woord, Heer,**

**bring weer lig in duister.**

**Spreek Heer,**

**spreek Heer,**

**want u <u>dienaar</u> luister.**

**Net u Woord, Heer,**

**bring weer lig in duister.**

**Spreek Heer, spreek Heer,**

**want u <u>kinders</u> luister.**

**Net u Woord, Heer,**

**bring weer lig in duister.**

# Matteus 3:1-12



1. In daardie tyd (30 jaar later) het Johannes die Doper in die woestyn van Judea begin preek 2. en gesê: "**Bekeer julle**, **want die koninkryk van die hemel het naby gekom**." 3. Hy is die een wat die profeet Jesaja bedoel het toe hy gesê het: "Iemand roep in die woestyn: Maak die pad vir die Here gereed, maak die paaie vir Hom reguit."

4. Hierdie Johannes het klere van kameelhaar gedra met 'n leerband om sy heupe, en hy het van sprinkane en veldheuning gelewe. 5. In dié dae het Jerusalem en die hele Judea en die hele omgewing van die Jordaan na hom toe gestroom. 6. Hulle het hulle sondes bely en hulle deur hom in die Jordaanrivier laat doop.

7. Toe hy merk dat baie van die Fariseërs en die Sadduseërs kom om deur hom gedoop te word, sê hy vir hulle: “Julle slange, wie het julle wysgemaak dat julle die dreigende toorn kan ontvlug? 8. **Dra** liewer **vrugte** wat bewys dat julle **bekeer** is. 9. Julle moet julle nie verbeel dat julle by julleself kan sê: ‘Ons het Abraham as voorvader’ nie. Dit sê ek vir julle: God kan uit hierdie klippe kinders vir Abraham verwek. 10. Die byl lê klaar teen die wortel van die bome. Elke boom wat nie **goeie vrugte dra** nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. 11. Ek doop julle wel met water omdat julle julle **bekeer** het, maar Hy wat ná my kom, is my meerdere, en ek is nie eers werd om sy skoene uit te trek nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop. 12. Hy het sy skop in sy hand en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak. Sy koring sal Hy na die skuur toe bring, maar die kaf sal Hy met 'n onblusbare vuur verbrand.”

**Vers 1-3** – Boodskap van bekering o.g.v. koms

**Vers 4-6** – Johannes se voorkoms & optrede – sondebelydenis en doop (Almal in Jerusalem)

**Vers 7-10** – Johannes se verkondiging – bekering & vrug dra (Fariseërs & Saduseërs)

**Vers 11-12** – Johannes se verkondiging – bekering & doop (Fariseërs & Saduseërs)

# Afwagting en opgewondenheid



# Adventstyd – afwagting en opgewondenheid

Kan nie Kersfees vier en aangaan soos ons wil nie



Matteus plaas die fokus op die **<u>doel</u>** en **<u>rede</u>** van Jesus se koms


In ons teks verskyn Johannes die doper op die toneel


Die koninkryk het naby gekom


Blywende verandering

Wêreld ‘n plek vol ongeregtigheid

Dringendheid in sy oproep

Heerskappy sluit in die oordeel – byl teen die wortel

Heerskappy sluit in genadige ingryping tot verlossing

Heerskappy van God is nou hier!
Reddingspan


Dringendheid in
sy oproep ook
vandag

# Wat behels hierdie bekering?




Aanvaarding
van Jesus
se heerskappy

## Nuwe denke oor...

- God, myself,
- oor sonde & genade
- oor geregtigheid












# Konstante en blywende verandering van gedrag

# Doping/ voortgesette vervulling met die Heilige Gees





# Wat behels hierdie bekering vandag?


Maak 'n pad gereed vir die koninkryk.



# Lied 353: 1

Die Heiland is gebore,

soos eeue reeds voorspel.

Daar in die stad van Dawid

word Hy Immanuel.

L 353:1(vervolg)

Met blye hemelkore

wil ons ook juig en sing:

Ons Heiland is gebore -

dis Hy wat redding bring!

L 353:2

Die Lig kom na die wêreld

in Jesus Christus, Heer.

Uit liefde vir die mensdom

daal Hy as dienskneg neer.

L 353:2 (vervolg)

So lief het God die wêreld,
Hy gee vir ons sy Seun -
só word Hy ons Verlosser,
ons Middelaar en Steun.

L 353:3

Wie glo in Jesus Christus,
word nou sy eiendom.
Hy gee die reg tot kindskap
aan dié wat glo in Hom.

L 353:3 (vervolg)

Juis daarom juig ons harte
opnuut dié Kersfeestyd:
Ons Heiland is gebore -
vertel dit wêreldwyd.

# Maak ‘n pad gereed vir die koninkryk.